



# Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Privaatsak X2038  
OBERHOLZER  
2502

Tel.: (018) 787 4171  
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:  
[www.laerskooldagbreek.co.za](http://www.laerskooldagbreek.co.za)

## OMSENBRIEF 9/2019

1 Augustus 2019

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag.

### 1. Laerskool Dagbreek is 60 jaar

Om die 60 jaar te vier, is daar 'n heerlike "Country en Western aand" op Vrydag, 30 Augustus 2019 om 18:00 op Laerskool Dagbreek se rugbyvelde. Die sangers Wynand en Cheree gaan optree. Kaartjies beloop R120 per volwassene en hoërskool leerder en R30 per koelboks. Die kaartjies is beskikbaar by Laerskool Dagbreek se administratiewe kantoor. Toegang vir laerskoolkinders is gratis.

Daar sal 'n sokkie vir die graad 4 tot 7 leerders wees in die saal. Hulle sal 'n hamburger en koeldrank kry. Die toegang is R50 per leerder en kaartjies vir die sokkie moet vooraf by die leerders se voogonderwysers aangekoop word. Daar sal vermaak wees vir die graad R tot 3 leerders.

U moet u eie drinkgoed saambring. Braaipakkies sal te koop aangebied word teen R60. Brood, pap en sous sal voorsien word. Die braaivleisvure sal reeds vroegaand aangesteek word. Bring u eie kampstoel, braaitang en eetgerei saam.

So ... stof jou Cowboy hoed af en kom dans saam op die tradisionele meelvoer. Kom vier saam met ons die 60ste verjaarsdag!

### 2. Afwesigheid

Die departement van onderwys monitor afwesighede baie deeglik. Ons moet weekliks verslag doen aan die departement van die afwesighede. Daar word verwag dat die onderwysers die leerders se ouers skakel wat langer as drie (3) dae afwesig is. Na tien dae van afwesigheid sal u weer geskakel word, indien u nie die gepaste reëlings getref het nie. As 'n leerder vir 10 of meer dae afwesig is en die nodige reëlings is nie getref met die skool nie, of die rede vir die afwesighede is nie aanvaarbaar soos deur die skolewet bepaal word nie, word die leerder van die skool se sisteem afgehaal. 'n Ouer moet hul kind dan weer registreer soos deur die departement van onderwys bepaal. Ons rig 'n vriendelike versoek aan u om nie u kind onnodig by die huis te hou nie, behalwe as dit werklik nodig is. Indien u kind siek is of nie skool kan bywoon nie, tref asseblief die nodige reëlings.

### 3. Laatkom en vroeg uitteken van leerders

Soos met die afwesighede, monitor die departement van onderwys leerders wat laat is vir skool of gereeld vroeg uitgeteken word. Al word dit deeglik gemonitor, is dit nie die grootste uitdaging nie. Die grootste uitdaging is dat leerders baie werk verloor omdat hulle onderrigtyd verlore raak.

Soms val "iets" voor en mens is laat. Daar is egter patrongevalle by leerders wat laat kom en vroeg uitgeteken word. Op Vrydae word leerders meer gereeld vroeg uitgeteken.

Baie dankie vir almal wat gehoor gegee het om nie die leerders vroeër uit te teken as daar buitemuurse aktiwiteite is nie. Indien u kind deelneem aan buitemuurse aktiwiteite, pak asseblief 'n ekstra kospakkie en alle nodige klere saam in skool toe, sodat hulle alles by die skool het.

[admin@dagbreek.co.za](mailto:admin@dagbreek.co.za)

As u nie self u kind kan uitteken by die skool nie, moet u asseblief die nodige reëlings tref. Die administratiewe personeel mag die persoon wat die leerder uitteken vra vir identifikasie en u skakel op die nommers wat op die skool se stelsel is.

Al die reëlings mag vir u onnodig klink, maar dit gaan oor die veiligheid van ons leerders, "u kinders."

4. **Skoolfonds**

Baie dankie aan almal wat getrou skoolfonds betaal. Met u hulp kan ons al die finansiële verpligtinge nakom en verbeteringe aanbring wat voordelig is vir u kind se onderrig.

5. **Buitemuurse aktiwiteite – "Sport"**

Baie dankie aan al ons krieket-, hokkie- en tennisspanne wat baie hard oefen vir die ligawedstryde.

6. **Revue**

Op 16 September tot 19 September is dit ons jaarlikse revue optrede. Dit is altyd vir ons 'n hoogtepunt. Kaartjies sal vanaf 19 Augustus 2019 beskikbaar wees by Me. Marinda de Bruin teen R50 'n kaartjie. Kry vroegtydig u kaartjie. Daar kan nie soos verlede jaar 'n ekstra vertoning gehou word nie.

Daar is enkele leerders wat nog hul geld moet betaal vir die revue-klere ensovoorts. Betaal asseblief die gelde so gou as moontlik in.

7. **Oupa- en Oumadag**

Om 'n Oupa of Ouma te hê is wonderlik, om 'n Oupa of Ouma te wees is seker fantasties. Daar word vir al die Graad R leerders se Oupa's en Ouma's 'n spesiale dag saam met u kleinkind op 4 September 2019 beplan. Verdere inligting sa aan u gegee word.

8. **Vrydagdrag en somersklere**

Die winter is nog met ons. Gewoonlik kom daar 'n koue front of twee as mens dink dit is nou somer. Ons sal vir u 'n datum stuur wanneer leerders slegs somersdrag mag aantrek. Tot en met u die datum ontvang, mag alle leerders winters- of somersdrag aantrek. Leerders mag van eerskomende Vrydag, 2 Augustus, Vrydagdrag aantrek as dit warm genoeg is. Let wel – **GEEN** denims nie.

9. **Leerlingraadverkiesing 2020**

Die leerders wat betrokke is sal 'n brief ontvang wat die verskiesingproses verduidelik.

10. **Beleide**

Die volgende beleide is op die webwerf beskikbaar. Vergewis u asseblief deeglik van die inhoud.

- Toelatingsbeleid
- Prysuitdelingbeleid
- Leerlingraadverkiesing

11. **Wagklas**

Baie van die Graad R, 1 en 2 leerders se ouers kom haal hulle nie direk na skool nie. Daar sal toesig wees by die "wagklas." Baie leerders wag vir hulle vervoer en die probleem ontstaan dat hulle wag waar daar geen toesig is nie en hulle speel op die pawiljoene ensovoorts. Die leerders kan baie seer kry.

Leerders moet by die wagklas wag en leerders wat rondspeel, sal soontoe gestuur word as hulle ouers hulle nog nie kom haal het nie.

12. **Personeelaangeleenthede**

Baie welkom aan Me. Rulene Stander. Dit is lekker om so bekwame onderwyser te verwelkom.

Geluk aan Me. Kelly Wilkie met die geboorte van Kian. Ons is saam met Me. Antoinette du Plessis en Me. Sarafina Kamele opgewonde met die koms van hul babas in September.

Baie geluk aan Me. Olivia Barnard en Me. Chanél Prinsloo wat Augustus in die huwelik tree.

**13. Belangrike datums**

Donderdag	1 Augustus	Hokkie liga teen RAM Instappie Graad R – Die tandarts
Vrydag	2 Augustus	Graad 1 besoek die Bazaar Tennisliga teen Protearif
Dinsdag	6 Augustus	Hokkie liga teen Millennium
Donderdag	8 Augustus	Mnr. Pieter van Heerden verjaar Me. Liesel Pūke-De Beer verjaar
Vrydag	9 Augustus	Skoolvakansiedag – Vrouedag
Donderdag	15 Augustus	Hokkie liga teen Muldersdrift Beheerliggaamvergadering
Vrydag	16 Augustus	Tennisliga
Dinsdag	20 Augustus	Me. Judy Diamond verjaar
Woensdag	21 Augustus	Mobile Zoo besoek Graad R
Donderdag	22 Augustus	Hokkie liga teen Kenmare
Vrydag	23 Augustus	Tennisliga
Donderdag	29 Augustus	Me. Jana Els verjaar Produksie 2000 (gratis)
Vrydag	30 Augustus	Country en Western aand Sokkie Graad 4 – 7 Tennisliga
Saterdag	31 Augustus	Mini-hokkie Festival by Protearif

**14. Gedagte van die week**

“Ek is in wese 'n optimis. Of dit uit oorweging spruit of aangeleer is, kan ek nie sê nie. Deel van optimisties wees is om jou gesig na die son te rig en jou wete te laat vorentoe beweeg. Daar was vele donker oomblikke toe my geloof in die mensdom deeglik getoets is, maar ek wou en kon my nie aan wanhoop oorgee nie. Daardie kant toe lê neerlaag en dood.”

- Nelson Mandela

Vriendelike groete

*P. W. van Heerden*

Mnr. P.W. van Heerden  
Hoof